# Tafelberg: McClear's Beacon 2025

| **ROETE:** | Kabelkar - McClear's Sirkelroete | **DATUM:** | 24/05/2025 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

As jy naby aan Kaapstad bly moet mens so nou-en-dan met die kabelkar opry teen Tafelberg en dit was vir tien van ons weer opnuut 'n aangename belewenis. Na reën vroeer in die week was die Saterdagmiddag-weer perfek en almal oorgehaal om na McClear's Beacon (die hoogste punt op die berg) te stap. Ons kon nie gevra het vir 'n beter stapleier as Beulagh nie - sy is werklik 'n fontein van kennis oor die berg en het ook oppad bietjie met ons gedeel oor die verwante geskiedenis (onder meer oor oud-premier Jan Smuts se staptogte en oor die Portugese seevaarder Saldana). Die konvensionele roete na die baken het ons so sewentig minute geneem om te voltooi en daar kon almal smul aan hul padkos. Die uitsigte na Houbaai, Kalkbaai, oor die hawe en na Duiwelspiek (met net sy boonste spits sigbaar) bly fenominaal. Almal het ingestem tot Beulagh se voorstel om 'n effe meer "avontuurlike" roete, deel daarvan min of meer op die rand van die bergplato, terug te volg. Dit was interessante afwisseling en ons het by die Platteklip Gorge-afdraai se leer weer aangesluit by die tradisionele roete. Teen 16:30 was ons terug by die kabelstasie en kon almal vinnig ontspan met 'n bier of koffie by die restaurant. Meeste moes onder nog 'n hele ent loop na hul voertuie, maar ons het dit maar nie ingetel in die statistieke nie! Baie dankie aan Beulagh vir haar instaan as stapleier.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Freddie Pohl | 090/2025 | 6 | 149 | |
| Susan Pohl | 091/2025 | 6 | 149 | |
| Beulagh Keulder | 051/2025 | 6 | 149 | |
| Miranda Myburgh | 092/2025 | 6 | 149 | |
| Estelle Zietsman | 048/2025 | 6 | 149 | |
| Koos Stander | 108/2025 | 6 | 149 | |
| Vicky Stander Neethling | 170/2025 | 6 | 149 | |
| Sinmarie Pieterse | 082/2025 | 6 | 149 | |
| Riel Tredoux | Besoeker | 6 | 149 | |
| Jurie Pohl | Besoeker | 6 | 149 | |
| Magda le Roux | | | | Onttrek |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **60** | **1490** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | NVT |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | Geen |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Freddie Pohl |
|---|---|